

'N LEWE VAN SEËN

Deel 7 – Bewerkers van Vrede

AFSKOP

Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?

Hoe getrou was jy aan die EEN TREE wat jy wou gee die afgelope week?

VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

Is jy meer 'n persoon wat onttrek of iemand wat ontvlam in konfliksituasies? Watter gevare hou jou reaksie in?

Hoekom dink jy vind mense dit moeilik om hulle eie aandeel in 'n konflik situasie raak te sien?

In die preek is genoem dat onopgeloste konflik drie dinge in jou lewe beïnvloed: 1) *Jou verhouding met God*; 2) *Jou gebedslewe*; en 3) *Jou vreugde*. Watter een van hierdie het jy al die meeste in jou eie lewe ervaar? Hoe het jy dit hanteer?

Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:

Romeine 12:18 en Hebreërs 12:14. Hoekom dink jy rus die onus op ons as Christene om in vrede met ander mense te probeer leef? Dink jy dit is moontlik?

Romeine 8:6 en Galasiërs 5:22. Wat bring die Heilige Gees te voorskyn in ons lewe? Hoekom dink jy is vrede deel daarvan?

Romeine 14:17, Jesaja 9:5-6, 26:12 en Efesiërs 2:14. Hoe belangrike deel speel vrede in God se koninkryk volgens hierdie verse?

Psalm 85:9; Handeling 10:36 en Efesiërs 2:17. Watter ooreenkoms is daar tussen God se Woord, die evangelie en vrede volgens hierdie verse?

Jesaja 32:17, 57:2 en Romeine 2:10. Aan wie word vrede gegee volgens hierdie verse?

Jakobus 3:18(DLB) 'n Mens wat die vrede bevorder, is soos iemand wat die vrede saai. Die oes sal goeie dinge vir hom oplewer.

In die preek is 7 dinge genoem wat jy kan doen om vrede te saai. Baie keer ken ons hierdie beginsels, maar ons pas dit nie altyd toe nie. Aan watter van hierdie stappe moet jy weer aandag gee in konflik situasies?

Is daar 'n verhouding of konflik situasie in jou lewe wat tans aandag moet geniet as jy 'n vredemaker wil wees? Wat gaan jy hierdie week doen om daaraan aandag te gee? Hoe kan jou kleingroep jou daarin ondersteun en bystaan?

GEBED EN OMGEE

Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.

Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daarvoor kan bid:

NEEM 'N VOLGENDE STAP

Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.

As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.